# Hillcrest High School

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## JUNIE EKSAMEN 2018

## VRAESTEL 2

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

**GRAAD 11** **TYD : 2 UUR**

**PUNTE : 70**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT _12_ BLADSYE**
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A : KORTVERHALE | [40] | verwerk na [35] |
| AFDELING B : GEDIGTE | [40] | verwerk na [35] |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

STERKTE!!

## AFDELING A : KORTVERHALE

Beantwoord AL die vrae wat volg.

### VRAAG 1 : Geen ander uitweg (Jack Byrne)

**Die begrafnis was lank. Lindsey was moeg, maar terselfdertyd opgewonde. Hulle het hom doodgemaak en niemand weet dit nie. Hulle is ryk, ryk, ryk!**

**Sy tik verskeie toetse op die toetsbord teen die muur, die ligte gaan aan, die verwarmer word aangeskakel en die warm lug blaas oor hulle.**

**1.1 Lindsey was een van die hoofkarakters in hierdie verhaal.**

1.1.1 Met wie was sy getroud? Gee die persoon se naam en van. [1]

1.1.2 Met wie het sy 'n verhouding gehad? Gee die persoon se naam en van. [1]

1.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.

**Lindsey se man was briljant met _______**

A. Rekenaar speletjies.
B. Elektroniese apparate.
C. Spesiale kodes.
D. Televisie programme. [1]

1.3 Pas die stellings in KOLOM B by die woorde in KOLOM A.
Skryf net die nommer en letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Jonathan | A. Bewys dat hy òf nog leef òf gesterf het. |
| 1.3.2 Lindsey | B. Sou oor ses maande sterf. |
| 1.3.3 Beveiligde inbelprogram | C. Bevat die wapens wat hulle moes gebruik. |
| 1.3.4 Twee pakkies | D. Sy was 'n fortuinsoeker. |
| | E. Bevat 'n pragtige geskenk. |

[4]

1.4 Hoekom het Jonathan net ses maande oor gehad om te leef? [1]

1.5 Wat was in die twee pakkies? [1]

1.6 Hoekom sou Lindsey en Doug nie meer saam kon wees nie? [1]

**10**

**VRAAG 2 : Die engelman (vir Cila) : Izak de Vries**

Lees die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.

> **Beste Chris**
>
> **Ek gaan met die deur in die huis val. Daar is iemand hier op die Bos wat baie in my belangstel. Ek wil steeds jou vriend wees en dalk, eendag, weer meer as vriende. Maar vir nou moet ek vra dat jy sal besef hy is nader.**
>
> **Ek sal later weer meer skryf, want ek weet jy sal wil aanhou briewe kry.**

2.1 a. Wie het hierdie brief geskryf? Gee net die naam. [1]

b. Gee die naam van die dorp waar die skrywer in hierdie brief is. [1]

2.2 Waar is Chris wat so ver weg is van die skrywer van die brief? Gee die naam van die dorp. [1]

2.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf dan die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

2.3.1 **"Ek gaan met die deur in die huis val."** Beteken:

A. Sy klop nie voordat sy die deur oopmaak nie.
B. Sy gaan reguit praat.
C. Sy gaan iets positiefs sê.
D. Sy gaan iets negatiefs sê. [1]

2.3.2 **Chris en die meisie wat die brief geskryf het, het baie in gemeen (in common). Kies die twee goed wat hulle graag deel en skryf dit neer.**

A. Geskiedenis en literatuur.
B. Fotografie en bergklim.
C. Boeke en sport. [1]

2.4 Chris het goed aangepas (adapted) in Dover.

2.4.1 Stem jy saam met die stelling? Ja/Nee? [1]

2.4.2 Motiveer jou antwoord deur na enige 2 aspekte van sy lewe in Dover te verwys. [2]

2.5 Hoekom het Silina vir Chris 'n "Engelman" genoem? [1]

2.6 Waar sou Chris vir Silina ontmoet na drie dae? Gee die plek se naam. [1]

**10**

**VRAAG 3 : Bottervisse in die jêm (Deon Meyer)**

**"Wie is jy? Vra ek met 'n stemtoon wat hom moet laat verstaan en hou niks van kinders nie.**

**"Ek is Buks Barnard, ek woon daar in Dolce Vita vier-een-ses en ek is soveel," sê hy sy rympie met vier vuil vingertjies in die lug, onbeïndruk deur my stemtoon. Hy stap die vertrek binne, hande weer in die sakke, oë wat ongewaste koffiebekers, verfblikke en buise, kwaste, voltooide en halfvoltooide skilderye en potloodsketse op die tafels en vloer ondersoek.**
**"Wat is jou naam?" vra hy reguit.**
**"Wat is OOM se naam."**
**"My ma sê as sy 'n broer gehad het, sou ek 'n oom gehad het."**
**Touché. Maar voor ek kan probeer om die oorhand te herwin (het ek dit ooit gehad?), vra hy, met sy oog op die skildery. "Is jy 'n skuldenaar?"**
**"'n Skilder."**
**"Hoekom is al die mense so kwaad?" ......**

3.1 Wat het in Christo se lewe gebeur dat hy dink "die lewe is pyn" en dat die mense in sy skilderye vir Buks lyk asof hulle kwaad is?

[1]

3.2 "Daar is bottervisse in jou jêm". Hy sê dit respekvol.

3.2.1 Wat beteken dit as daar "bottervisse" in jou jêm is? [1]

3.2.2 Hoekom sê Buks hierdie stelling met soveel respek? [1]

3.3 Voltooi die volgende sinne deur woorde uit die woordblok te gebruik. Skryf net die nommer en woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| prokureursklerk | Pre-Christine periode | Skottelgoedvrou |
| rekenmeesteres | Pre-Chantal periode | Wasgoedvrou |
| tandheelkundige | Post-Christo periode | Skoonmaakvrou |

Monica werk as 'n (i) ______. Sy besit een van Christo se (ii) ______ skilderye. Die naam van die skildery is (iii) ______. [3]

3.4 Wat het Buks vir Christo gebring om hom "weer sag en mooi van binne" te maak? Wees spesifiek. [1]

3.5 Volgens Buks kan sy ma alles doen behalwe een ding. Wat was daardie "ding"? [1]

3.6 Watter.bewys was daar (wat Christo vir Buks weggesteek het) dat Christo weer geluk in sy lewe gevind het? [1]

3.7 Wat het Buks aan die einde van die verhaal gesien, wat hom baie opgewonde gemaak het? [1]

**10**

**VRAAG 4 : Donker Nag**

**Die bliksemstraal en die donderslag tref die boom langs die restaurant gelyktydig. Toe is dit donker. Klara laat die skinkbord met leë borde donderend val.**

4.1 Watter werk doen Klara? [1]

4.2 Waarom het Klara die skinkbord laat val? [1]

4.3 Kies uit KOLOM B wat by KOLOM A pas. Skryf net die nommer en die antwoord.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.3.1 Man by tafel 4 | A. Johan Stander. |
| 4.3.2 Man by tafel 6 | B. Kollega van Klara. |
| 4.3.3 Isabel | C. Klara se huismaat. |
| | D. Litteken op gesig. |

[3]

**Dit sukkel om te vat, seker van die nattigheid. Die restaurantbestuurder sit en wag totdat sy ry. Sy waai vir hom dankie.**

4.4 Watter vervoermiddel gebruik Klara? [1]

**Klara gil, ruk die gordyn toe.**
**Die gordyne ruk voor haar oop.**
**Sy skree. Hy staan voor die venster...**

4.5 Wat het die man in die venster:
- 4.5.1 oor sy kop gehad? [1]
- 4.5.2 in sy hand gehad? [1]

**Die plankvloer kraak.**
**Sy is te bang om haar oë toe te maak, al is dit donker. Sy bid met oop oë.**
**Die voetstappe is hol en helder op die vloer.**

4.6 Wie is die inbreker? [1]

4.7 Hoe weet ons dit? [1]

**10**

**TOTAAL VIR AFDELING A : [40]**

**VERWERK NA [35]**

## AFDELING B : GEDIGTE

Beantwoord AL die vrae wat volg.

### VRAAG 1 : Nag in Kentucky Fried Chicken (André Letoit)

Nag in Kentucky Fried Chicken
(ek laat jou agter)

1 Om 'n geslaagde selfmoord te beplan
2 Is selfs nog moeiliker as 'n kinderpartytjie
3 Ek is nie goed met afskeidnotas nie
4 En boonop kan ek nie
5 Aan 'n goeie rede dink nie
6 Ek is nie verveeld nie
7 Ek voel nie depressief nie
8 Die lewe is nie sinloos nie
9 Ek het nie eers 'n meisie
10 Wat my kan verwerp nie
11 Ek het vrede met die maatskappy
12 Ek groet polisiemanne in die verbygaan
13 Ek is normaal wanaangepas
14 Niemand haat my nie
15 Ek het.geen dringende armykampe nie
16 My sekslewe is gevarieerd en redelik opwindend
17 Maar

18 Ek wil nooit weer die WP sien verloor nie

*André Letoit*

1.1 Watter rugbyspan word deur die spreker in die gedig ondersteun? [1]

1.2 Watter tipe brief skryf die spreker? [1]

1.3 Stem jy saam met die spreker as hy sê hy het nie eintlik 'n goeie rede om selfmoord te pleeg nie? JA/NEE? Hoekom? [1]

1.4 Waar sit hy wanneer hy die brief skryf? [1]

1.5 Hoekom voel die spreker bly dat hy nie 'n nooi het nie? [1]

1.6 Haal een versreël aan wat bewys dat die spreker 'n werk het. [1]

1.7 Hoekom groet die spreker die polisie as hy by hulle verbyry? [1]

1.8 **"Ek ís normaal wanaangepas"**

a. Watter tipe beeldspraak word in die bogenoemde uittreksel gebruik? [1]
b. Watter twee woorde bewys dit? [1]
c. Wat sê hierdie twee woorde vir ons omtrent alle mense? [1]

1.9 Haal een woord aan wat bewys dat daar 'n wending in die gedig is. [1]

1.10 Haal een woord aan wat bewys dat hierdie gedig voor 1994 geskryf is. [1]

**12**

**VRAAG 2 : SEFAPANO**

Sefapano (Johann Lodewyk Marais)

Kruis
na die
opslaan
ons oë
waarheen ons
op die berg
ditapole
mekopu
poone
dikgolo
dipodi
dipere
dikgomo
vir reën
gaan bid
sing
met 'n stok
agter die *moruti*
werksklere
mans in
komberse
vroue met kopdoeke
stofbesaai
deur die suurveld
beweeg
begin die stoet
kom hulle bymekaar
van Hlomisa
aan die voet

2.1 In watter taal vind ons die woorde: moruti, dipere en dikgolo? [1]

2.2 Gee 'n voorbeeld van assonansie uit die gedig. [1]

2.3 In watter provinsie is die Hlomisa berg geleë? [1]

2.4 Pas die woorde in KOLOM A by die Afrikaanse betekenisse in KOLOM B.
Skryf slegs die nommers en die letters neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 2.4.1 | Dipere | A | Bokke |
| 2.4.2 | Dipodi | B | Mielies |
| 2.4.3 | Mekopu | C | Perde |
| 2.4.4 | Poone | D | pampoen |

[4]

2.5 Sê in jou eie woorde wat uniek is omtrent hierdie gedig. [1]

2.6 Wat noem ons hierdie tipe gedig? [1]

2.7 Hoekom wou hierdie mense teen die berg opgaan? [1]

2.8 Waarom beweeg die mans en vrouens agter die moruti? [1]

2.9 Watter woord dui aan dat die veld dor of droog is? [1]

2.10 Wat dra die vroue as hooftooisels? [1]

2.11 a. Wat het die mans aan? [1]

b. Hoekom? [1]

2.12 Wat beteken die woord, "Sefapano"? [1]

**16**

**VRAAG 3 : Susan Boyle (Kobus Grobler)**

Susan Boyle

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van *Britain's got talent*
aangeja soos 'n skaap
misrabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van 'n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
Jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van *I dreamed a dream*
het jy vanuit vernederende vooroordeel
hulle en miljoene ander op YouTube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die hele wêreld skenk

*Kobus Grobler*

3.1 Vir watter kompetisie het Susan ingeskryf? Gee die naam. [1]

3.2 Wie is die "pilatusse"? Verduidelik. [1]

3.3 Waarmee word Susan in stofe 1 vergelyk? Haal een woord as antwoord aan. [1]

3.4 Pas die beeldspraak in KOLOM B by die voorbeelde in KOLOM A.
Skryf net die nommer en letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.4.1 "voor die pilatusse" | A. Assonansie |
| 3.4.2 "aangeja soos 'n skaap" | B. Alliterasie |
| 3.4.3 "Simon spot, skares jou uit" | C. Metafoor |
| | D. Vergelyking |

[3]

3.5 Haal een versreël uit strofe 1 aan wat aandui wat die mense van Susan gedink het. [1]

3.6 Haal een versreël aan wat Susan se voorkoms beskryf toe sy op die verhoog gestaan het. [1]

3.7 Watter liedjie het Susan gesing wat alles vir haar verander het? Gee die naam. [1]

3.8 Haal twee opeenvolgende woorde uit strofe 2 aan wat vir ons sê dat die mense nie kon glo wat hulle sien nie. [1]


3.9 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 2 aan. [1]

3.10 Wat is die boodskap wat ons uit hierdie gedig moet haal? [1]

**12**

**TOTAAL VIR AFDELING B : [40] VERWERK NA [35]**

**GROOT TOTAAL : [80]**



Wit kranse van Dover



